**21 JANUARIE** **SKRIFGEDEELTE: GENESIS 12:1-20**
**FOKUSGEDEELTE: GENESIS 12:1-4; 11-20**

## Die doodloopstraat van eie verlossingsplanne

Abram trek in volle vertroue op die Here uit sy vaderland weg. Hy het nie eens geweet waarheen hy gaan nie. Al wat hy gehad het, was die belofte van God. Hy het die Here blindelings vertrou. Daarom was hy blindelings gehoorsaam. Toe hy in Kanaän kom, belowe God dat Hy die land aan sy nageslag sal gee. Maar dan kom daar teëslae: Hongersnood in die beloofde land! Abram maak self ‘n plan en trek na Egipte. In Egipte gaan dit van kwaad na erger.

Sarai was ‘n mooi vrou en die Egiptenaars wou hom doodmaak ter wille van haar. Weer maak Abram self ‘n plan. Hy wil sy veiligheid deur ‘n halwe waarheid (Gen 20:12) verseker, maar met sy eie planne, laat Abram God buite rekening. Daarom is sy planne ‘n doodloopstraat. Uiteindelik moet God self deur plae ingryp en Abram genadig uit die moeilikheid red wat hy oor homself gebring het.

Eeue later doen God dieselfde deur sy eie Seun: Hy laat Hom aan die kruis sterf om ons sondaars uit die moeilikheid wat ons oor onsself gebring het, te verlos. Maak jy jou eie verlossingsplanne of vertrou jy die Here blindelings?

*Sing: Psalm 146:2,3* *Ds Abraham Krüger (Boksburg-Suid)*